ELARDUSPARK TENNISKLUB

HERSIENDE DAAGREËLS

08 DESEMBER 2009

1. DOEL VAN DIE DAAGSTELSEL

1.1 Die daagstelsel skep ‘n geleentheid vir enige vollid om sy/haar posisie op die klub se amptelike leer te verbeter. ‘n Lid se posisie op die dubbel of enkelleer word in aanmerking geneem vir -

a. reël van sosiale spel (dubbelleer);
b. samestelling van spanne vir ligawedstryde (dubbel- en enkelleer) - ‘n speler kan byvoorbeeld in ‘n hoër span geplaas word op grond van sy plek op die enkelleer.
c. keuring vir klubkampioenskappe.

2 DAAGSEKRETARIS

2.1 ‘n Komiteelid word deur die Komitee as Daagsekretaris benoem, en in sy afwesigheid behartig die Ondervoorsitter of ‘n ander benoemde komiteelid sy pligte.

2.2 Die Daagsekretaris moet ‘n daagboek hou waarin hy die volgende ten opsigte van elke daag aanteken:

a. Die name van die lede wat by die daag betrokke is.
b. Die datum waarop die daag by die Daagsekretaris geregistreer is.
c. Die datum waarop die daagwedstryd gespeel word.
d. Die uitslag van die daagwedstryd.
e. Die tellings van elke speler.

2.3 Die daagboek is ter insae van enige lid by die Daagsekretaris beskikbaar.

3. ALGEMENE REËLS TOV ‘n VRYDAAG

3.1 ‘n Vrydaag (dubbels of enkels) mag uitgebring word deur -

a. ‘n bestaande lid wat sodanige vergunning onder bepaalde voorwaardes van die Komitee verkry het.

b. ‘n nuwe lid wat nog nie ‘n posisie op die leer verwerf het nie.

3.2 In gevalle van mediese ongesteldheid (operasies, kraamverlof, beserings, siekte), uitstedigheid as gevolg van werkverpligtinge, ens. wat tot gevolg sal hê dat ‘n speler vir ten minste drie (3) maande nie aktief by tennis betrokke sal wees nie en op die dubbelleer afgeskuif het, mag ‘n vergunning aan die speler toegestaan word om een vrydaag uit te bring sodra hy/sy weer aktief tennis speel. So ‘n speler moet egter vooraf by die Komitee aansoek doen om so ‘n vergunning. Indien die vrydaag onsuksesvol is, sal die dager sy/haar bestaande posisie op die leer behou.

3.3 ‘n Nuwe lid het twee geleenthede vir ‘n vrydaag op die dubbelleer, met dien verstande dat die tweede vrydaag slegs uitgebring mag word indien die eerste daag onsuksesvol was en dan slegs teen lede wat ‘n laer posisie op die leer beklee as enige van die eerste gedaagdes soos ten tye van die registrasie van die tweede vrydaag.

3.4 ‘n Nuwe Lid het 8_weke, wat volg op die maand waarin sy lidmaatskap ‘n aanvang neem, om albei vrydaagwedstryde te speel. Hierdie tydperk sluit kampioenskappe, langnaweke en ligas uit. ‘n Nuwe lid wat aan die Klubkampioenskappe deelgeneem het, se vrydaag verval.

3.5 Indien ’n nuwe lid, om watter rede ookal, sou verkies om eerder ‘n enkeldaag as ‘n dubbeldaag uit te bring, sal so ‘n enkeldaag tel as een van die twee geleenthede vir ‘n vrydaag.

3.6 Indien ‘n nuwe lid onsuksesvol was in sy/haar vrydaagpogings, of andersins nie die daagwedstryde binne die voorgeskrewe tydperk uitgebring het nie, sal die lid op die leer geplaas word op uitslae van die daagwedstryde, of indien nie gedaag is nie, op die konserwatiewe diskresie van die komitee.

4. ALGEMENE REËLS TOV ‘n GEWONE DAAG

4.1 Vir die doeleindes van ‘n lid om sy/haar posisie op die enkels- of dubbelleer te verbeter, mag die dager tot ‘n maksimum van **TWAALF (12)** lede bokant hom/haarself op die leer daag.

4.2 ‘n Lid mag normaalweg nie by meer as een daag betrokke wees nie. Indien die gedaagde egter daartoe sou toestem, mag hy/sy, in oorleg met die Daagsekretaris, wel by meer as een wedstryd betrokke wees.

4.2.1 Indien enige **speler 2 onsuksesvolle daagwedstryde in ’n kalenderjaar** as dager gespeel het, **vrydaagwedstryde uitgesluit**, sal die betrokke speler nie toegelaat word om vir die res van die kalenderjaar te daag nie.

4.3 Indien ‘n daag nie kan plaasvind nie omdat een of meer van die **drie hoogste spelers** op die leer nie op die eerskomende Saterdag na registrasie van die daag beskikbaar is vir die daagwedstryd nie en daar uiteraard nie ‘n speler hoër as no. 1 is om te betrek nie, staan dit die dager vry om die daagwedstryd voort te sit deur ‘n laer speler te betrek. Die laer speler moet binne die 12-spelerbandwydte van die daag wees.

4.4 Lede van 60 jaar of ouer se posisies sal deur die kampioenskappe bepaal word en behou hierdie posisie regdeur die jaar, behalwe a.g.v. blok-skuiwe veroorsaak deur nuwe lede of bedankings. Hulle word dus normaalweg nie by ‘n daag betrek nie, maar het egter ‘n vrye keuse of hulle aan daagwedstryde wil deelneem om hulle posisie te verbeter. Indien ‘n persoon bo 60 egter self daag, verval die vergunning om van daagwedstryde vrygestel te word.

5. AANVULLENDE REËLS

5.1 Reëls tydens klubkampioenskappe, ligawedstryde, tennisnaweek, langnaweke en Desember skoolvakansie

a. Geen daagwedstryde mag op Saterdae waar klubkampioenskappe of ligawedstryde plaasvind gespeel word nie.

b. Daagwedstryde tydens Tennisnaweek, Desember skoolvakansie of langnaweke moet gereël word tussen spelers wat onmiddellik bokant mekaar op die leer is.

5.2 Amptelike tyd van waarop daagwestryde gespeel word:

Dubbeldaagwedstryde word op Saterdagoggende 08h30 gespeel en moet teen 13:00 afgehandel wees. Indien een van die spelers wat by die daag betrokke is op ‘n Saterdagoggend **werk,** verander die amptelike tyd na die Saterdagmiddag 13h00 om so ‘n persoon ‘n regverdige kans te gee om sy/haar plek te verdedig. Indien enige speler dan nie vir die middag beskikbaar is nie geld die standaard reël t.o.v nie-beskikbaarheid soos uiteengesit in paragraaf 5.11 (d). Daagwedstryde mag slegs op ander dae of tye gespeel word indien al die lede wat deel is van die daag (insluitende spelers wat oorgeslaan word), daartoe instem. ‘n Speler mag dus nie oorgeslaan word om ‘n ander speler op die leer by die daag te betrek nie indien eersgenoemde nie op ‘n ander tyd as ‘n Saterdagoggend of middag vir die daagwedstryd beskikbaar is nie.

5.3 Daagprosedure:

Geen daagwedstryd mag gespeel word alvorens die dager persoonlik die daag by die Daagsekretaris, in ooreenstemming met die prosedures in Paragraaf 7, geregistreer het nie.

a. Die dager moet drie nuwe SATA goedgekeurde balle vir die daagwedstryd voorsien.

b. Enige van die lede wat by die wedstryd betrokke is, mag in oorleg met die ander speler(s), vir ‘n skeidsregter en lynregters reël.

5.4 Onderbreking van ‘n daagwedstryd

a. Indien ‘n speler sodanig tydens ‘n daagwedstryd beseer raak dat daar nie dadelik met die wedstryd voortgegaan kan word nie, word die saak na die komitee vir ‘n beslissing verwys. Afhangende van hoe ver die wedstryd gevorder het, sal die daagwedstryd of verval of die uitslag sal pro-rata bereken word.

b. Indien ‘n daagwedstryd weens enige ander rede, soos bv. swak lig, reën, onvoldoende tyd, of ‘n ander rede wat vir al die betrokke spelers aanvaarbaar is, nie voltooi kan word nie, moet die wedstryd voortgesit word op ‘n dag en tyd wat onderling deur die betrokkenes gereël word, maar nie later as dieselfde dag in die daaropvolgende week nie. Indien so ‘n onderlinge reëling nie getref kan word nie, verval die daag. Die dager moet die Daagsekretaris binne 24 uur na die uitstel van die wedstryd aldus verwittig.

c. Die stand van die telling ten tye van die onderbreking van die wedstryd word behou en word later voortgesit asof daar geen onderbreking was nie.

5.5 Dubbeldaagwedstryde geniet voorkeur bo enkeldaagwedstryde. Dit sal byvoorbeeld tot gevolg hê dat ‘n enkeldaag uitgestel word indien een van die spelers by ‘n dubbeldaag betrek word.

5.6 Enige meningsverskille wat tydens ‘n daagwedstryd omtrent tennisreëls, lynbeslissings, ens. ontstaan, moet deur die spelers self besleg word en later aan die Daagsekretaris meegedeel word.

5.7 Ná die daagwedstryd

a. Niemand wat by ‘n sekere daag betrokke was mag iemand van die spesifieke daag binne 21 dae weer daag nie.

b. Die dager (daag onsuksesvol) kan weer ‘n daag registreer teen persone met ‘n posisie wat laer is as die laagste posisie wat by die vorige daag betrokke was.

5.8 Nie beskikbaar vir daagwedstryd

a Indien ‘n gedaagde nie beskikbaar is vir die daag nie, gaan die dager dan voort om die volgende persoon op die leer te betrek. Die proses word herhaal tot 3 beskikbare spelers gevind is. Die persone wat nie kan speel nie is egter deel van die daag vir die berekening van punte, behalwe daardie persone wie na verwys word in 4.4 (60 jaar en ouer).

b. Indien die dager drie (3) onsuksesvolle pogings gehad het om ‘n gedaagde kennis te gee van die daagwedstryd, moet die Daagsekretaris eers self ten minste een poging aanwend alvorens die gedaagde oorgeslaan mag word.

c. Indien **‘n ongestelde** gedaagde die dager vroegtydig **(Maandag)** in kennis stel van sy besering of onbeskikbaarheid vir die daag, mag die dager ‘n plaasvervanger reël voor die aanvang van die daagwedstryd. Die dager betrek dan die volgende lid binne die bandwydte van 12. Die beseerde is steeds deel van die daag.

d. Indien ‘n speler (dager of gedaagde) onbeskikbaar raak nadat **(na Woensdag 21h00)** die daag gereël is, maar voordat die daagwedstryd begin het, moet hy/sy die ander spelers onverwyld in kennis stel en ‘n plaasvervanger reël. Indien ‘n plaasvervanger nie gevind kan word nie skuif die onbeskikbare speler **twee (2)** posisies op die ranglys af.

e. Indien ‘n speler nie binne vyftien (15) minute na die geskeduleerde tyd wat bepaal is, opdaag nie, word, afhangende of dit die dager of gedaagde is wat nie opdaag nie, òf (a) die dager as die verloorder beskou, òf (b) aanvaar dat die gedaagde geweier het om sy/haar verpligtinge na te kom, en in beide gevalle word die betrokkene gepenaliseer en skuif met **vyf (5)** posisies op die ranglys af.

f. As die Daagsekretaris van mening is dat ‘n speler hom/haar tydens ‘n daagwedstryd aan onsportiewe gedrag skuldig gemaak het en daardeur die goeie gees van die Klub geskaad het, sal so ‘n speler met **vyf (5)** posisies relatief tot sy/haar aanvangsposisie op die leer afgeskuif word.

6. VRYSTELLING VAN DAAGWEDSTRYDE

6.1 Sien paragraaf 3.2 en 4.4

7. DAAGPROSEDURE

7.1 Die dager is verantwoordelik vir alle reëlings en skakeling in verband met die daagwedstryd.

7.2 Die dager registreer die daag:

a. Die daag word normaalweg geregistreer op ‘n Saterdag, om dan op die daaropvolgende Saterdag gespeel te word, maar nie later as 21:00 op ‘n Maandag nie. Die baanbespreking en daagregistrasie word gelyktydig by die Daagsekretaris gedoen.

b. Al die betrokke lede moet teen die eerskomende Woensdagaand tot die daag ingestem het. Die Daagsekretaris moet voor 21:00 van dieselfde Woensdag deur die dager in kennis gestel word van wie by die wedstryd betrek is en ook verwittig word van die aanvangstyd.

c. In gevalle waar ‘n speler ‘n daag geregistreer het en een of meer van die gedaagdes alreeds die eerskomende Saterdag by ‘n ander daag betrokke sal wees, sal die registrasie van die daag geldig bly tot die eerste geleentheid waar die dager in staat is om die daag binne die voorgeskrewe reëls te reël, met die voorbehoud dat ‘n speler wat reeds by ‘n daag betrokke is, nie oorgeslaan mag word nie.Die daag word nie herregistreer nie.

d. Indien daar meer as een registrasie in ‘n betrokke week is wat bots a.g.v. oorvleueling van gedaagtes, sal die daagsekretaris op ‘n basis (nuwe lede,langverlof,besering,ander tennis verpligtinge ens...) besluit watter daag voorkeur geniet en eerste moet plaasvind. Die registrasie van die ander daagwedstryde bly dan geldig tot die eerste geleentheid waar die dager in staat is om die daag binne die voorgeskrewe reëls te reël. Indien die dager nie beskikbaar is om die daagwedstryd op die eerste geleentheid te speel nie, verval die daagregistrasie.

7.3 Die dager tref reëlings met die ander speler(s)

a. Die dager begin die wedstryd te reël deur ‘n lid te daag wat nie meer as **TWAALF (12)** posisies bokant hom/haar op die leer is nie.

b. Die volgende lid onderkant daardie persoon word dan gekontak (sonder om ‘n lid oor te slaan) totdat die dager dan drie ander lede kry wat die daag sal speel. ‘n Lid mag slegs onder die bepaalde voorwaardes, soos uiteengesit in Paragraaf 6.1, oorgeslaan word.

c. Indien die dager dit sou verkies, kan lede direk onder hom/haar op die leer ook by ‘n daag betrek word, met dien verstande dat die hoogste lid slegs twaalf (12) posisies hoër as die laagste lid in die daag mag wees. In laasgenoemde geval is dit dan moontlik dat die dager op die leer sal afskuif indien die laer speler beter sou vaar as die dager.

d. Wanneer enige van die drie hoogste spelers op die leer ‘n dubbeldaag registreer, moet die no. 4 speler as vierde speler betrek word. Indien laasgenoemde nie beskikbaar is nie, word no. 5 betrek, ens. Hierdie daag word gespeel onder die toepaslike reëls soos wat vir alle ander dubbeldaagwedstryde geld.

7.4 Die dager finaliseer die reëling met die gedaagdes en die Daagsekretaris.

Voor die daaropvolgende Woensdagaand om 21:00 nadat die daag geregistreer is, moet die dager -

a. die gedaagdes in kennis stel en reëlings tref vir ‘n bepaalde dag (gewoonlik Saterdag) en tyd (gewoonlik 8:30) waarop die daag gespeel sal word.

b. die Daagsekretaris verwittig van die dag en tyd waarop die daag gereël is.

8. DUBBELDAAG: Wedstryd en puntestelsel

8.1 Die puntetabel is soos volg:

Nommer	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13
Beginpunt	1000	950	903	859	818	780	745	713	684	658	635	615	598
Potte punt (nie speel)	12	11	10	9	8	7	6	5	4	3	2	1	0

8.2 Al die lede betrokke met die daag kry ‘n **BEGINPUNT** n.a.v. die tabel hierbo, of hy/sy speel of nie. Die boonste speler in die groep is nommer 1 vir die doeleindes van die daag, met die res van die spelers wat posisies inneem volgens die ranglys, maar uitgesonderd die bo 60 lede volgens 4.4.

8.3 Die wedstryd word op ‘n rondomtalie-basis beslis. Die laagste persoon op die ranglys speel die eerste stel saam met die hoogste persoon op die ranglys, die tweede stel met die tweede hoogste persoon en die derde stel met die derde hoogste persoon op die ranglys. Drie 9 pot stelle word gespeel. Tydens ‘n stel kry elke speler die geleentheid om twee keer te dien. Die negende pot sal altyd ‘n valbylpot wees.Kante word geruil op ongelyke spelle.

8.4 Vir die dager van die daagwedstryd om suksesvol te wees (om sy/haar rangposise te verbeter) moet die dager 14 punte hê (potte gewen + 1 punt vir elke stel gewen)

8.5 Die uitslag van die wedstryd moet binne 48 uur na afloop van die wedstryd by die Daagsekretaris ingedien word wat die resultate sal verwerk en die ranglys dienooreenkomstig aanpas.

8.6 Indien die dager suksesvol was (sien 8.4) word die nuwe ranglysposisies bepaal deur die verwerfde potte plus die aantal stelle gewen van elke speler te kwadreer en by sy/haar beginpunt te tel. Die formule is dus:

Beginpunt + (Aantal potte + Aantal stelle gewen)^2

8.7 Die finale punte van al die betrokkenes, insluitende die aanvangspunte van die spelers wat oorgeslaan is soos in 8.9 uiteengesit , word van hoog na laag gerangskik vir die finale ranglys.

8.8 As die dager nie suksevol was nie, word die punte van die gedaagde spelers nog steeds bereken op die wyse soos in 8.6 uiteengesit, om hulle nuwe posies te verkry.

8.9 Die spelers wat oorgeslaan is vir die daag kry die selfde punte soos in tabel 8.1{ (Potte Punt(nie speel)^2 } plus hulle onderskeie beginpunte.

8.10 ‘n Persoon moet ten minste 12 punte kry in ‘n daag voordat sy plek kan verbeter word.

9. ENKELDAAG – Wedstryd en puntestelsel

9.1 ‘n Enkelspelwedstryd bestaan uit die beste van drie stelle wat elk deur ‘n valbylpot beslis word, indien nodig.

9.2 Indien die dager die enkeldaagwedstryd wen, skuif hy/sy bokant die gedaagde in.

10 VERTOLKING

Die toepassing van bostaande reëls is onderhewig aan die vertolking daarvan deur die Daagsekretaris wat ‘n uitgangspunt van regverdigheid en die bevordering van ‘n goeie en gesonde gees onder die Klublede aan die dag moet lê. Indien ‘n speler nie saamstem met die vertolking van die Daagsekretaris nie, mag hy/sy skriftelike vertoë tot die Komitee rig. Die beslissing van die Komitee sal finaal en bindend wees.

11 WYSIGINGS

Die Komitee mag enige tyd enige van bogenoemde reëls skrap of wysig, of verdere bepalings na goeddunke inbring. Sodanige veranderinge sal van krag wees vanaf die dag wat kennis daarvan gegee is. Dit mag geskied deur middel van die Nuusbrief, aanbring van ‘n kennisgewing by die Klubhuis, mondelingse mededeling, of andersins.

12 ONKUNDE

Van enige van die daagreëls geld nie as ‘n verskoning nie